

HOOFSTUK IX

BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

A. 'N KRITIESE WAARDERING VAN DIE AANDEEL VAN DIE SENTRALE REGERING IN DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSSTELSEL.

1. Die Sentrale Regering as verskaffer van bepaalde onderwysdienste.

. Dit is nie moontlik om sonder meer 'n evaluering te maak van die onderwysdienste wat deur die Sentrale Regering gelewer word nie. Daarvoor is die veld wat deur hierdie dienste gedek word te wyd en is die diversiteit van die onderskeie dienste te groot. Betroubare norme of vergelykbare toestande is ook skaars. As 'n mens egter na sekere tendense, asook die feitelike gegewens kyk, soos in hoofstukke V - VIII behandel, dan wil dit tog lyk asof die sentrale onderwysdepartement veel vermag het in die jare sedert hy die verantwoordelikheid vir bepaalde dienste oorgeneem het.

Dit het uit hierdie ondersoek geblyk dat die Departement van Nasionale Opvoeding in sy hoedanigheid as verskaffer van onderwysdienste aanvullend tot die provinsiale onderwysdepartemente funksioneer. Hy is in dié opsig 'n onvervangbare komponent in die breë onderwyssamestelling in Suid-Afrika. Uit hoofde van sy sentrale posisie (oorvleuelend oor die provinsies in geografiese sin) en sy koördinerende funksies, is hy vergelykenderwys in 'n unieke posisie met betrekking tot die provinsies. Hierdie feit maak dit moontlik dat nywerheids- en verbeteringskole byvoorbeeld, as 'n eenheid, op nasionale basis, geadministreer kan word - die klassifisering van die nywerheidskole as enkele faktor maak sentrale beheer daarvoor noodsaaklik. Dieselfde en ander redes maak dit ook wenslik dat die Departement sekere ander onderwysdienste behartig, soos byvoorbeeld buitengewone onderwys, kolleges vir gevorderde tegniese onderwys en ander inrigtings wat beroepsopleiding verskaf.

Sedert die Departement begin het om sekere onderwysdienste te verskaf, het hy vinnig gegroei. Die ontwikkeling van die verskillende soorte onderwysdienste word deur die volgende tabel weerspieël.

TABEL XXVIII. DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERSKILLENDE ONDERWYSDIENSTE (DEPARTEMENTELE EN STAATSONDERSTEUNDE) ONDER DIE SENTRALE REGERING SE BEHEER, 1930-1970.

Getal leerlinge/studente (voltyds en deelyds)

<u>Jaar</u>	<u>Beroepsgerigte onderwys</u>	<u>Buitengewone onderwys</u>	<u>Kinderwet-skole</u>	<u>Totaal</u>
1930	27 417	362	1 430	29 209
1935	25 295	580	2 274	28 149
1940	39 801	987	3 081	43 869
1945	41 208	639	1 890	43 737
1950	58 547	1 168	2 278	61 993
1955	68 201	1 296	2 396	71 893
1960	75 750	1 675	2 485	79 910
1965	81 262	1 655	2 544	85 461
1970	53 110	2 542	2 127	57 779 ¹⁾

Tabel XXVIII toon die verhouding van die getal leerlinge/studente in die verskillende soorte onderwysdienste tot mekaar. Dit is opmerklik dat die groot oorwig leerlinge/studente wat onder die Departement ressorteer, by beroepsgerigte onderwys betrokke is. Die daling van die getalle in hierdie kategorie na 1965 is te wyte aan die oornome van beroepskole deur die provinsies. (In Junie 1967 was daar ongeveer 28 000 leerlinge in hierdie skole).²⁾ Nogtans kan gesien word dat hierdie soort onderwys tot 1970 vinnig uitgebrei het. Die vinnigste groei by buitengewone onderwys was na 1965 toe n aantal spesiale skole na die Departement se beheer oorgedra is.³⁾ Die getal kinderswetleerlinge het gedurende die afgelope twintig jaar taamlik konstant gebly.

-
- 1) Syfers verkry uit die Departement se jaarverslae vir die betrokke jare.
 - 2) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.197.
 - 3) Vergelyk die Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1969, p.26.

Die insinking in die groei van die verskillende onderwysdienste gedurende die jare veertig tot vyf en veertig blyk ook duidelik uit die tabel. Dit was die gevolg van die Tweede Wêreldoorlog.⁴⁾

Die Afdeling van die Departement wat oor die afgelope paar dekades fenomenaal gegroei het, is die Departement se eksamenafdeling. Twee faktore wat vir die geweldige omvang van hierdie afdeling verantwoordelik is, bo en behalwe die normale groei van die onderwysdienste, is die feit dat die Departement se skole vanaf st. 6 eksterne eksamen aflê, asook die groot aantal inskrywings van deeltydse kandidate. Die omvang van die eksamenafdeling se werk in 1971 word deur die volgende syfers weerspieël:

TABEL XXIX. DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING: EKSAMENAFDELING : STATISTIEK 1971.

1. Getal kandidate 1970/71	117 261
2. Vakinskrywings	487 597
3. Getal eksamenvakke	2 979
4. Eksaminatore	1 172
5. Moderatore	785
6. Vraestelle	3 586
7. Eksamensentrums	612
8. Sertifikate en diplomas uitgereik	35 679 ⁵⁾

Die syfers by 3 - 8 beklemtoon die groot verskeidenheid in die Departement se onderwysfasiliteite. Dit benadruk verder ook die groot verskil tussen dié Departement en die provinsiale onderwysdepartemente in dié sin dat die Departement van Nasionale Opvoeding n groot verskeidenheid onderwysrigtings aan n relatief klein hoeveelheid leerlinge/studente verskaf, terwyl dit by die provinsiale onderwysdepartemente feitlik net omgekeerd is.

4) Vergelyk die Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1941-1945, p.5.

5) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.29.

2. Die Sentrale Regering as finansier van onderwys.

Die finansiering van die onderwys deur die Sentrale Regering het verskillende fasette. In sy geheel benader, is die onderwys primêr 'n funksie van die staat. In die Grondwet is 'n sekere gedeelte van die onderwys aan die provinsies gedelegeer. Insgelyks is ook belastingbevoegdheid aan die provinsies gedelegeer om sodoende vir hulle 'n inkomste te verseker waaruit fondse vir noodsaaklike uitgawes, waaronder ook onderwys, verkry kan word. Dié deel van die uitgawes wat die provinsiale fondse te bowe gaan, word deur die Sentrale Regering deur middel van subsidies bygedra. Die primêre finansiële verantwoordelikheid bly egter dié van die Sentrale Regering, wat die magte van delegering besit, soos wat hy ook die soewereine wetgewende mag ingevolge die Grondwet besit.⁶⁾

In die eerste instansie is die Sentrale Regering dus verantwoordelik vir alle vorms van opleiding en onderwys, provinsiaal en sentraal. Vanweë die Republiek se besondere regeeringsvorm is dit egter gebruikelik om te onderskei tussen die uitgawes van die provinsies enersyds en dié van die Sentrale Regering andersyds. Dit is ook logies dat dit so gedoen sal word, aangesien die provinsies geheel en al vir die administrasie van hulle deel van die onderwys verantwoordelik is.

Die syfers onderstreep weer eens die feit dat die provinsies regstreekse finansiële verantwoordelikheid vir die grootste deel van die land se onderwys het. Die rede daarvoor is omdat die provinsies by uitstek die onderwys van die normale en gesonde leerling behartig.

Die Departement van Nasionale Opvoeding se regstreekse onderwysuitgawes is vergelykenderwys heelwat kleiner, veral as universitêre opleiding, wat heelwat meer uitgawes as al die Departement se ander onderwysdienste saam meebring, buite rekening gelaat word. Dit blyk verder dat die eenheidskoste

6) Kragtens artikel 59(1) van die Grondwet, 1961 (Wet No. 32 1961).

per leerling van die sentrale onderwysdepartement se onderwysinrigtings, in die geheel egter heelwat hoër is as wat die geval met die provinsiale onderwysinrigtings is. Dit is vanweë die gespesialiseerdheid van die Departement se onderwysinrigtings.

Laastens dien gemeld te word dat 'n verskynsel soos dat die provinsies nie 'n soort onderwys kan behartig nie omdat hulle nie oor die finansies daartoe beskik nie, wesenlik ongegrond is. Dit was die hoofrede waarom beroepsonderwys in 1925 deur die Unie-Onderwysdepartement oorgeneem is.⁷⁾ 'n Doeltreffende finansiële beleid van owerheidsweë behoort so iets onnodig te maak. In 1968 is beroepsonderwys immers weer deur die provinsies teruggeneem sonder die argument dat hulle dit nie kan behartig nie.

3. Die Sentrale Regering as beleidmaker en wetgewer.

Die rol van wetgewing in 'n onderwysstelsel kan nouliks oorbeklemtoon word. Net soos die beskawing deur wette en reëls georden word, net so word 'n onderwysstelsel ook deur wetgewing, aangevul deur ander administratiewe reëls, tot 'n ordelike organisasie georden. Gesonde wetgewing is met ander woorde a priori in 'n land se onderwysstelsel. Dit kan met reg beskou word as dié bepalende faktor, by uitstek, wat 'n land se onderwys òf reg òf verkeerd kan laat loop.

In die Grondwet van die Republiek word die eerste statutêre reëls met betrekking tot die onderwys neergelê. Dit word opgevolg deur onderwyswetgewing en die wetgewing deur regulasies. Hierdie drie stappe word nie op 'n arbitrêre of willekeurige basis gedoen nie maar is die logiese uitvloeisel van die wetgewers se verklaarde beleid⁸⁾ en ook die beliggaming van die voorskrifte wat nagekom moet word om die oogmerke met die wetgewing te verwesenlik.

7) U.G. 33-1938, par. 30 en Hofmeyr-verslag, par. 239 - 240.

8) Vide Cloete, op.cit., p.18.

Die Sentrale Regering het, kragtens die magte deur die Grondwet aan hom toegeken, die jurisdiksie om wetgewing insake onderwys te maak, so lank dit nie met die bepalings van die Grondwet strydig is nie. In die Grondwet is bepaal dat die provinsies verantwoordelik is vir alle onderwys, uitgesonderd hoër onderwys. Hierdie bepaling is vandag nog geldig. Dit was egter vir baie jare die oorsaak van heelwat vernuftige manuvreuring ten einde die land se onderwysbehoefte daarby te laat aanpas. Die bepaling van dit wat vir die doeleindes van die Grondwet as hoër onderwys beskou word, is telkens gewysig. Die omskrywing van hoër onderwys staan tans in artikel 17 (soos gewysig) van Wet No. 38 van 1945.

Nooit in al die jare tussen 1910 en 1967 het die Sentrale Regering wetgewing gemaak wat oorkoepelend oor al die onderwysdienste was en waarin hy dit gereël het nie. Hy het hom slegs bepaal by wetgewing wat sy onderwysdienste raak (soos byvoorbeeld betreffende beroepsonderwys, buitengewone onderwys, ens.). Inmiddels het die provinsies voortgegaan om hulle onderwysdienste deur middel van provinsiale ordonnansies te reël, met dié voorbehoud dat dit nie in stryd is met wette van die Parlement nie.⁹⁾ Die sentrale onderwysdepartement en die provinsiale onderwysdepartemente het elk sy eie beleid geformuleer en wetgewing daarvolgens uitgevaardig - onafhanklik van mekaar. Ten opsigte van onderwysbeleid en -wetgewing is daar dus vir baie jare n laissez faire-beleid gevolg - elkeen baas op sy eie werf.

Toe kom 1967 - die groot onderwysjaar. Die Regering het in hierdie jaar drie onderwyswette deur die Parlement geloods en daarmee as't ware vir die eerste keer die mantel van beleidmaker en wetgewer ten opsigte van die gehele onderwysstelsel op hom geneem. Hoe ingrypend hierdie wetgewing was, is teen hierdie tyd al welbekend. Wat egter ook betekenisvol is, is die feit dat die Sentrale Regering nou die inisiatief geneem het in die formulering van n nasionale onderwysbeleid en die

9) Wet No. 32 van 1961, artikel 85.

riglyne vir verdere ontwikkeling vasgestel het. Die verdere implikasie hiervan is dat die Sentrale Regering se aandeel in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel nou dermate vergroot het, dat hy nou direk of indirek, oor alle vorms van onderwys in Suid-Afrika beheer uitoefen.

B. BEVINDINGS EN AANBEVELINGS.

1. Algemeen.

a. Die 1967-wetgewing beëindig die onsekerheid met betrekking tot die beheer oor die onderwys.

Toe die opstellers van die Grondwet meer as sestig jaar gelede moes besluit oor wie beheer oor die onderwys sou hê, het hulle nie hulle weg vry gesien om dié verantwoordelikheid in die hande van die Unie-Onderwysdepartement te plaas nie, n stap wat eintlik verwag moes word by n Uniale Regering. Vir meer as n halwe eeu het die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel mank gegaan aan die veelvuldige nadele van hierdie bedeling. Vir baie jare het stemme uit alle oorde opgegaan in protes teen die bestaande stelsel van verdeelde beheer - dit was egter stemme des roepende in die woestyn. Geduld was die wagwoord hier want daar moes vir die oplossing van hierdie vraagstuk gewag word tot 1967. Hierdie gebeure bring n mens weer by die ou waarheid uit, nl. dat die teorie die praktyk so ver vooruit loop. Dit leer ook dat n verkeerde begin so moeilik is om weer reg te stel. Politieke oorweginge het oorheers by die uitmeet van die onderwysbeheer in 1909 en die genome beslissing was nie in belang van die onderwys nie!

In die lig van hierdie stukkies geskiedenis is dit verblydend dat die Regering n deeglike en doeltreffende masjinerie in werking gestel het om konsepwetgewing op te stel voordat die 1967-onderwyswetgewing na die Parlement geneem is.¹⁰⁾ n Studie van hierdie wetgewing laat

10) Hierdie wetgewing is deur n Kontakliggaam tussen die Nasionale Adviserende Onderwysraad en die Komitee van Onderwys-hoofde voorberei. (Vergelyk die Jaarverslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, 1965, p.4).

geen twyfel nie dat dit weloorwoë wetgewing is wat deur die hande van deskundiges gegaan het. Dit lyk of die beginsel van liewers tien keer meet en een keer saag as eenkeer meet en tien keer saag hierdie keer toegepas is. Suid-Afrika is baie dank verskuldig aan die persone en liggame wat vir hierdie wetgewing verantwoordelik was. Dit was ingrypende maar ook hoog noodsaaklike wetgewing. n Oplossing is nou gevind vir n toestand wat male sonder tal gekritiseer en veroordeel is.

Die belangrikste gevolg van dié wetgewing was dat dit die onderwysbeleide van die Departement van Nasionale Opvoeding en die provinsiale onderwysdepartemente nader aan mekaar gebring het en saamgesnoer het in n nasionale onderwysbeleid. x

Uit die 1967-onderwyswette blyk dit voorts dat die aandeel van die Departement van Nasionale Opvoeding nou tweeledig van aard is en dat hy voortaan vir die volgende twee groepe onderwysdienste verantwoordelik sal wees:

- (1) Tersiere onderwys tussen die skool en die universiteit, asook sekere soorte sekondêre onderwys aan deelydse studente; en
- (2) gespesialiseerde onderwysdienste soos:
 - (a) kinderskole en
 - (b) buitengewone onderwys.

Uit hierdie navorsing het daar geen feite aan die lig gekom wat daarop dui dat dit wenslik sou wees om enige van hierdie onderwysdienste uit die hande van die Sentrale Regering te laat gaan nie. Eerder sou dit o.i. oorweeg kan word om sekere toevoegings te maak soos in die volgende afdeling aanbeveel word.

- b. Die Departement van Nasionale Opvoeding moet verantwoordelik wees vir alle vorms van gespesialiseerde onderwys.

Die huidige bedeling in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, gesien uit die oogpunt van die administrasie van die verskillende onderwysdienste op sekondêre vlak, is kortliks soos volg:

Provinsiale onderwysdepartemente: Al die gewone hoërskole plus landbou-, handel-, huishoud- en tegniese skole. Al hierdie skole pas in die patroon van gedifferensieerde onderwys in. Hierbenewens behartig die provinsies ook nog enkele skole vir verstands- en gedragsafwykende kinders.

Departement van Nasionale Opvoeding: Soos op die vorige bladsy by (1) en (2) aangedui.

Ten opsigte van beroepsgerigte onderwys is daar nie oorvleueling deur die provinsiale onderwysdepartement en die Departement van Nasionale Opvoeding nie aangesien die provinsies vir voltydse leerlinge voorsiening maak terwyl die Departement van Nasionale Opvoeding se inrigtings (hulle word ook nie skole genoem nie) bedoel is vir vakleerlinge, tegnisi, en deeltydse studente in die algemeen.

Oorvleueling kom o.i. egter wel voor in die geval van die skole vir verstands- en gedragsafwykendes van die provinsiale onderwysdepartemente. Daar word gevoel dat hierdie soorte skole by die Departement van Nasionale Opvoeding tuishoort. Hiermee word geensins beweer dat die provinsiale onderwysdepartemente nie òf die middele òf die personeel òf die kennis het om hierdie soorte onderwys te kan behartig nie. Dit wil egter voorkom of daar redes bestaan waarom hierdie gespesialiseerde soorte onderwys kategorieë en funksioneel beter onder die Departement van Nasionale Opvoeding se administrasie sal inpas. Dié redes is kortliks soos volg:

- (1) Op grond van die klassifikasie van die bepaalde soort onderwys. Verstandelik-gestremde kinders is fundamenteel gestremde kinders - volgens die gees en letter van die definisie van 'n gestremde kind in die Wet op Onderwysdienste. In dié omskrywing word melding gemaak van 'n kind wat "... na die oordeel van die Sekretaris, in so 'n mate in liggaam verstand of gedrag van die meerderheid van kinders afwyk" (onderstreping deur navorser).¹¹⁾ In dieselfde artikel word bepaal dat hulle in hulle eie en in ander se belang in afsonderlike skole onderrig moet ontvang. Dit is inderdaad ook die geval met die verstandelik-gestremde kind. Aangesien die uitvoering van Wet No. 9 van 1948, en ipso facto die administrasie en die onderwys van gestremde kinders, van die begin af aan die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap opgedra is, word gevoel dat 'n uitsondering in die geval van die verstandelik-gestremde kind uit pas is met betrekking tot die ander vorms van buitengewone onderwys.

Wat gedragsafwykende kinders betref, moet daarop gewys word dat hierdie kinders volgens wetlike definisie eintlik sorgbehoewende kinders is.¹²⁾ Sorgbehoewendheid en gedragsprobleme gaan hand aan hand. Die navorser is daarvan oortuig dat die nywerheidskoolleerling en die leerling van die provinsiale skole vir gedragsafwykende leerlinge baie min verskil. Die behandeling van die een kan ewe-goed op die ander toegepas word.

- (2) In plaas daarvan dat elke provinsie sy eie stelsel het waarvolgens hierdie soorte skole bestuur word, kan dié skole onder die Departement van Nasionale Opvoeding se beheer op 'n nasionale basis, volgens 'n uniforme stelsel, geadministreer word. Gelyk-

11) Wet No. 41 van 1967, artikel 1(ix).

12) Vide die bepalings van artikel 1 van die Kinderwet (Wet No. 33 van 1960). Hierdie omskrywing is in hoofstuk VII behandel.

soortige behandeling en fasiliteite kan in al die provinsies voorsien word en n beter stelsel van klas-sifikasie van die skole kan tot stand gebring word. Die betreklike klein hoeveelheid skole in elke pro-vinsie veroorsaak dat klassifisering van hierdie skole ten opsigte van die graad van afwyking of be-handeling nie so doeltreffend gedoen kan word as in die geval van n groter aantal skole wat oor al vier die provinsies versprei is nie.

Bepanning kan in die geval van n sentrale beheerstelsel doeltreffender gedoen word met betrek-king tot:

- opvoedkundige hulpprogramme
- oprigting van skoolgeboue
- opleiding van onderwysers, ens.

- (3) Die Departement van Nasionale Opvoeding beskik reeds oor die gespesialiseerde fasiliteite vir hierdie soorte onderwys soos byvoorbeeld met betrekking tot leerplanne (die Departement se nywerheidskole sluit ook skole vir leerlinge met subnormale verstandsv-ermoëns in), metodiek, sielkundige behandeling en ander remediëringsdienste. Oorname van hierdie skole deur die sentrale onderwysdepartement behoort dus met die minimum ontwrigting te kan geskied.
- (4) n Logiese verdeling van die beheer oor onderwys-dienste vereis ook n konsekwente skeiding van die onderwysdienste ten einde oorvleueling met al die nadele wat dit meebring uit te skakel. Indien die verandering soos voorgestel deurgevoer word, sal die provinsiale onderwysdepartemente oor geen skole van n spesiale aard beskik nie maar sal hulle slegs vir skole verantwoordelik wees wat by die stelsel van gedifferensieerde onderwys inskakel.

- (5) Ekonomiese oorweginge maak die voorgestelde verandering wenslik. Die algemene beginsel van amalgamasie lei tot rasionalisasie kan ook hier deurgevoer word. Beter ekonomiese benutting van skoolgeboue, toerusting en personeel sal moontlik gemaak word. Sekere onderwysdienste en -fasiliteite wat gedupliseer word, kan met groot besparing gesentraliseer word.

In die lig van die voorafgaande bespreking word ten slotte voorgestel dat die moontlikheid van so n sentralisering of nasionalisering van alle vorms van buitengewone onderwys ondersoek moet word, hetsy van owerheidsweë, hetsy deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, hetsy deur individuele navorsing.

c. Opleiding in onderwysadministrasie en skoolbestuur.

Hierdie navorsing het by die navorser die oortuiging laat ontstaan dat dit noodsaaklik is dat alle onderwysers n basiese opleiding in onderwysadministrasie en skoolbestuur moet kry.¹³⁾ Daar word wel in sekere opleidingskursusse voorsiening gemaak vir opleiding in sekere aspekte van administrasie maar o.i. behoort alle onderwysersopleiding kennismaking met die volgende in te sluit:

- (1) Die verskillende onderwysdienste en die onderwysfunksies van die verskillende onderwysdepartemente. Hierby word die verskillende soorte skole/inrigtings en die soorte onderwys waarvoor hulle voorsiening maak, ingesluit.
- (2) Wetgewing en ander middels waarin onderwysadministrasie en skoolbestuur van owerheidsweë voorgeskryf word, soos regulasies, omsendbriewe en -minute, handleidings ens.

13) Die De Villiers-kommissie het indertyd al voorgestel dat n halfjaarkursus in skoolbestuur en onderwysadministrasie ingestel moet word. (De Villiers-verslag, p.206).

- (3) Die basiese opset van gedifferensieerde onderwys.
- (4) Beroepsvoorligting: die sukses van gedifferensieerde onderwys berus in 'n groot mate op deeglike beroepsvoorligting en gevolglik kan foutiewe advies van onderwysers (buite die diens van die amptelike beroepsvoorligter) die goeie oogmerke van die stelsel vir die individuele kind verlore laat gaan.
- (5) Skoolorganisasie: studente moet ingelig word oor die belangrikste aspekte hiervan soos die pligte en verantwoordelikhede van hoofde, vise-hoofde, senior assistente, assistente, ens.

2. Beroepsonderwys.

Dat beroepsonderwys in vroeër jare onder die las van 'n stigma gebuk gegaan het, is ongetwyfeld waar; dat hierdie "see van vooroordeel" (die woorde van 'n handelskool-prinsipaal)¹⁴⁾ 'n stremmende faktor in die normale ontwikkelingsgang van beroepsonderwys was, is ewe waar; dat hierdie vooroordeel in 'n groot mate afgeneem het, is egter ook waargeneem - op papier en ook in die praktyk. Die volgende opmerking van 'n prinsipaal van 'n tegniese kollege, kan as 'n goeie samevatting van die bevindinge in dié verband dien:

"From what I have already said, you will have noticed that the recognition of Technical, Commercial and other Vocational education was a particularly slow development and even today, 43 years after the Higher Education Act referred to previously, there exists many misconceptions regarding, not only the type of education rather loosely described as Vocational, but the exact niche it occupies on the broad canvas of education in South Africa today. Today the stigma of Commercial education, if it ever existed, has fallen away and in its place is a growing awareness of the need of, and the demand for, the trained Secretarial or Clerical worker. So too has the image of Technical education arisen from the ashes of the industrial school to the stage where Technical High School boys happily point, and with pride, to the badge of their alma mater."¹⁵⁾

14) Van Zyl, J.E.H. "Beroepsonderwys: Die see van vooroordeel". Tydskrif vir tegniese en beroepsonderwys, Junie 1959 (No.1), p.34.

15) Le Page, op.cit., p.3.

Gedurende die jongste jare het die gaping tussen algemeen-vormende onderwys en beroepsgerigte onderwys vernou. Meer vakke met algemeen-vormende waarde is by die vakverskeidenheid van beroepskole ingesluit en die leerplanne van die beroepsgeoriënteerde vakke by tegniese skole is hersien sodat minder tyd in die werkwinkels deurgebring word.¹⁶⁾ Dit is eintlik nader aan die waarheid om vandag te praat van beroepsgerigte onderwys of voorberoepsonderwys as van beroeps-onderwys.

Beroepsonderwys is vandag by die provinsiale onderwysdepartemente ingedeel en vorm n skakel in die sogenaamde komprehensiewe eenhede. O.i. sal hierdie onderwys doeltreffend in die stelsel van gedifferensieerde onderwys inpas, maar daarvoor is die regte beroepsvoorligting n sine qua non. Dit wil sê dat rekening gehou moet word met die land se mannekragbehoefte en dat die nodige hoeveelheid leerlinge dien-ooreenkomstig in die verskillende rigtings (met inagnemende hul belangstelling en aanleg) gekanaliseer word, sy dit die natuurwetenskaplike, geesteswetenskaplike, handels-, tegniese rigting, of welke rigting ookal. Daar word gevoel dat die stelsel van gedifferensieerde onderwys eers tot sy reg sal kom wanneer die bes moontlike sintese gevind sal word tussen die kind se aanleg en belangstelling enersyds en die landsbehoefte andersyds. Daar is in hoofstuk VI gewys op die skreiende behoefte aan tegnisi wat die land tans ondervind en die geweldige agterstand wat in hierdie veld uitgewis moet word. Moontlik sal n herhaling van hierdie probleem, ook op ander terreine, voorkom kan word deur reeds op die sekondêre skool die nodige ewewig te bewerkstellig.

Die navorser wil pleit vir n stelsel van opleiding-volgens-aanvraag, daarmee bedoelende mannekragaanvraag. Vir hierdie doel sal intensiewe navorsing nodig wees - navorsing wat ook n opvolgingstudie van n groot aantal skoolverlaters sal insluit ten einde vas te stel in welke mate hulle dié opleiding op skool ontvang het wat hulle die beste toerus vir

16) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1965, p.1-2.

hulle beroepe. Die behoeftes en eise van die arbeidsmark moet ook in hierdie navorsingsprogram vasgestel word. Hierdie navorsing kan deur 'n afdeling van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gedoen word (moontlik die Instituut vir Mannekragnavorsing) of desnoods kan 'n afsonderlike liggaam vir dié doel in die lewe geroep word.

3. Kolleges vir gevorderde tegniese onderwys en ander inrigtings wat beroepsopleiding verskaf.

Vir baie jare was die semi-otonome tegniese kolleges die stukrag agter die ontwikkeling van beroepsonderwys. Hierdie inrigtings het ontwikkel tot kolossale organisasies wat 'n groot verskeidenheid terreine op sowel sekondêre as tersiêre vlak gedek het. Die uitsondering van hierdie soort inrigting in Wet No. 40 van 1967 (Wet op Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys) as kolleges vir na-matrikulasieopleiding is die regte stimulus vir die voorsiening van dié soort opleiding waarvoor daar 'n groot behoefte bestaan. Die styging van die uitgawes van die vier staatsondersteunde kolleges van R4 138 687 in 1967 tot R7 043 078 in 1970¹⁷⁾ is 'n sterk aanduiding van hierdie inrigtings se groeipotensiaal.

Die navorsers is dit roerend eens met diegene wat die mening toegedaan is dat die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys se naam misleidend is.¹⁸⁾ Gesien in die lig van die groot verskeidenheid van opleiding wat daar aangetref word, sou die naam kolleges vir gevorderde onderwys meer gepas wees.

Met die oog op Suid-Afrika se verwagte nywerheids groei en ook gesien teen die agtergrond van die sterk mededinging in die buiteland op hierdie terrein, ontstaan die vraag of daar nie gedink moet word aan die uitbreiding van die opleidingsfasiliteite met betrekking tot die nywerheidswese nie. Sedert 1922 is teoretiese opleiding tot 'n sekere peil vir

17) Vide die Departement van Hoër Onderwys en die Departement van Nasionale Opvoeding se jaarverslae vir die betrokke jare.

18) Vide Van Zyl: Optimum use of manpower, p.60.

voornemende ambagslui by wetgewing verpligtend. En niemand sal seker die nodigheid van hierdie statutêre maatreël in twyfel trek nie. Ondersoeke het egter nou aan die lig gebring dat daar 'n groot leemte bestaan tussen die ambagsman en die ingenieur¹⁹⁾ en dit met 'n groeiende aanvraag voor die deur. Sou dit nie wenslik wees om meer blanke werkslui te verplig om teoretiese opleiding te ondergaan nie, dit wil sê verpligte bywoning van klasse deur die blanke skoolverlater volgens die blok- of groepopleidingstelsel. Suid-Afrika het 'n beperkte blanke arbeidsmag. Daar is 'n steeds toenemende mededinging in sekere beroepe in die Nywerheid tussen Blank en Nie-blank en die Blanke moet sorg dat hy sy superieure posisie in die Handel en Nywerheid behou deur superieure opleiding. In die stede en ook op die groot plattelandse dorpe het die Departement van Nasionale Opvoeding reeds voortreflike fasiliteite om hierdie dienste te kan lewer. Benewens die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys bestaan daar 34 tegniese institute en 26 tegniese kolleges wat na-skoolse opleiding kan verskaf.²⁰⁾

In Duitsland is hierdie praktyk lankal reeds in werking, maar op veel wyer skaal. Alle Duitse jongmense wat nie voltydse onderrig ontvang nie is verplig om deelydse opleiding te ontvang tot die ouderdom van agtien jaar of totdat hulle vakleerlingskap verstryk.²¹⁾ Hierdie vakleerlingskap sluit nie net aspirant-ambagsmanne in, soos hier by ons nie, maar geld ook vir die jong werkers in die Nywerheid sowel as die Handel. In die Handel is daar twee keer soveel "vakleerlinge" as in die Nywerheid, in Duitsland.²²⁾

4. Buitengewone onderwys.

Uit die statistiek en ander rekords blyk dit dat die onderwysfasiliteite vir buitengewone onderwys onder die Departement se beheer in die jongste jare snel toegeneem het. Dit

-
- 19) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1965, p.2. Vergelyk ook dr. F.P. Jacobz: Mannekrag en die Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys, Tydskrif vir Tegniese en Beroepsonderwys, Maart 1969 (No. 39), p.85.
- 20) Erudita Publikasies, op.cit., p.162-164.
- 21) Simons. op.cit., p.102.
- 22) Ibid., p.97.

blyk ook dat die metodiek in die spesiale skole tred hou met dié oorsee. Verteenwoordigers van buitengewone onderwys kry die geleentheid om, deur middel van oorsese besoeke, hulleself op hoogte te stel met die nuutste ontwikkelings aldaar.

Die Departement van Nasionale Opvoeding ontsien ook nie koste om die beste fasiliteite vir die gestremde kind beskikbaar te stel nie. Die hoë koste van die moderne Prinshofskool vir Swaksiendes en Voorbereidende Skool vir Blindes is bewys hiervan: Die eventuele oprigtingskoste van die skool is R900 000 000.²³⁾ n Uitbreidingsprogram van n driekwart miljoen rand is tans by die Trans-Oranje-skool vir Dowes aan die gang.²⁴⁾ Die jongste subsidieformule maak voorsiening vir ruime finansiële ondersteuning van ondersteunde spesiale skole. Dit moedig private inisiatief aan om spesiale skole in die lewe te roep met die finansiële bystand van die Departement. So het die Trans-Oranje-instituut vir Buitengewone Onderwys byvoorbeeld alreeds drie spesiale skole in die lewe geroep (vir dowe, swaksiende en epileptiese kinders) en sal n vierde skool na verwagting aanstaande jaar vir swakhorende kinders geopen word. Hierdie Instituut se begroting vir 1972-1973 oorskry die een miljoen rand-kerf en ongeveer negentig persent daarvan word deur die Departement voorsien.²⁵⁾

Sedert 1964 is daar al drie konferensies oor die onderwys vir blinde en swaksiende kinders gehou.²⁶⁾ Sporadiese konferensies oor ander soorte buitengewone onderwys is ook al gehou. Hierdie konferensies het groot waarde, om drieërlei redes:

-
- 23) Verslag van die tweede konferensie oor die onderwys van blindes en swaksiendes, Worcester, 1966, p.11.
 24) Trans-Oranje vier kwarteeufees. (Brosjyre uitgegee deur die Trans-Oranje-instituut vir Buitengewone Onderwys), p.1-4.
 25) Ibid., p.4.
 26) Vergelyk die verslae soos vermeld in die bibliografie.

- a. Deskundiges bespreek aktuele probleme in verband met buitengewone onderwys;
- b. skoolpersoneel kry die geleentheid om gemeenskaplike probleme te bespreek en menings te wissel; en
- c. kosbare inligting word beskikbaar gestel vir publikasie.

Veral laasgenoemde oorweging het groot waarde vir navorsers aangesien plaaslike literatuur oor hierdie onderwerp besonder skaars is. Die verslae van sulke konferensies moet egter so wyd moontlik beskikbaar gestel word - aan alle groot biblioteke en ander belanghebbende instansies. Dit is waardevolle feitemateriaal vir navorsers.

Om bogenoemde redes word aanbeveel dat konferensies oor buitengewone onderwys so dikwels as wat nodig en moontlik is, gehou moet word.

5. Kinderwetskole.

Die administrasie van kinderwetskole het vir die afgelope paar dekades basies onveranderd gebly. Alhoewel die aantal nywerheidskole toegeneem het, het die getal leerlinge maar 'n geringe styging getoon. Die werk wat in die kinderwetskole gedoen word, kan nie deur uiterlike maatstawwe gemeet word nie - hiervoor is 'n empiries-ontledende ondersoek nodig. Die intrinsieke waarde van die rehabilitasiewerk wat aan die kinderwetskole gedoen word, is moeilik om te bepaal en daarvoor is 'n studie van 'n verskeidenheid van kontrolerende faktore nodig.

Wat egter wel uit hierdie studie waargeneem kon word, is dat die oornome van die nywerheids- en verbeteringskole vanaf die Departement van Gevangenisse in 1917 en 1934 onderskeidelik besliste voordele ingehou het. 'n Suiwer opvoedkundige benadering word deur die Departement van Nasionale Opvoeding toegepas soos weerspieël word in die bepalings van die kinderrwette en die Departemente se algemene beleid.